

Skriflesing: Lukas 5:27-32; Lukas 7:34

Tema: Wees 'n vriend vir tollenaars en sondears.

Toe die Romeinse regering die pos van belastinggaarder adverteer, het Levi die gaping gesien en dadelik sy tender ingesit. Hierdie kan 'n betalende besigheid wees! Hy moes namens die Romeine belasting invorder van reisigers en veral van sy volksgenote, die Jode. As salaris kon hy 'n sekere persentasie van belasting vir homself hou.

Levi het gehoor dat die ander tollenaars goed geld maak deur hier en daar iemand te verkul. Hulle het meer ingevorder as wat hulle moes en dit dan in hul eie sakke gedruk. Baie gou het Levi elke truuk in die boek geleer van hoe om mense af te pers en te verneuk om elke hoek en draai.

Wat Levi egter nie mee rekening gehou het nie, is dat almal hom skielik begin vermy het. Tollenaars was bekend vir hulle oneerlikheid. Daardie stigma van tollenaar-verneuker het aan hom begin kleef. Sy eie mense het hom saam met heidene, prostitute, diewe, bedrieërs en egbrekers gebrandmerk. Sommer vinnig het al sy Joodse vriende opgedroog. Hulle het die tollenaars verag en gehaat, want nie net was hulle oneerlik nie, hulle was ook handlangers van die onderdrukkers van die volk. Hulle was verraaiers. Daarom is hulle uitgesluit uit die Joodse gemeenskap.

Daar was maar een genade oor en dit was om by die res van die tollenaars in te val. Levi is met ope arms ontvang! Die ongeluk was egter dat hierdie spul nou regtig die skuim van die samelewing was. Hulle het partytjies gehou en gesuip. Hulle was nie mense met wie enige goeie Jood sou meng nie.

Dit is dus 'n baie groot skok vir Jesus se volgelingen toe hulle een mooi dag by Levi se tolkantoortjie verbystap en Jesus vir daardie gehate tollenaar aansê om Hom te volg. "Meester, hoe durf U! Sy reputasie stink!" Die dissipels is tot in hul siel geskok!

Levi kan nie sy ore glo nie! Niemand van enige waarde wil hom as vriend hê nie en hier kom hierdie heilige Profeet en Hy roep hom, armsalige, verworpe, sondige Levi! Nét daar besluit hy dat dit die ideale geleentheid sal wees om vir Jesus aan sy vriende voor te stel. As Hy bereid is om hóm te aanvaar, sal Hy mos sy spul pêle óók aanvaar. Hy versprei die woord en toe dit aand word, hou hulle gróót makietie.

Petrus-hulle is bitter ongemaklik saam met hierdie spul, maar hulle móét herken dat dit nogal baie jolig gaan, jy kan ámpertjies sê dat dit lekker is! Hulle kan egter nie verstaan hoe Jesus so gemaklik tussen die spul sondears kan inpas nie.

Die volgende dag is die duiwel behóórlík los: 'n Afvaardiging Fariseërs keer vir Petrus en sy maters voor en trap hulle sommer lélik uit oor daardie partytjie van die vorige aand.

"Hoe kón julle! Wat het julle besiel om te meng met daardie skuim? Julle het sowaar saam met sondaars en tollenaars gaan staan en eet en drink!" Jesus hoor wat aangaan en dan kom red Hy die situasie. Ons lees in Luk 5:31-32: "Toe antwoord Jesus hulle: "Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is. Ek het nie gekom om mense wat op die regte pad is, tot bekering te roep nie, maar sondaars."

En Levi? Hy was bereid om alles net so te los om vir Jesus te volg. Hy verruil materiële rykdom vir geestelike rykdom, aardse goed vir hemelse goed. En ek is oortuig daarvan dat nie alleen Levi tot bekering gekom het nie, maar sékerlik ook baie van sy ongure vriende.

In hierdie verhaal sien ons dat dit nie noodwendig die mense is wat hulle hele lewe lank 'n voorbeeldige lewe gelei het wat dissipels van Jesus word nie, maar ook die ouens wat 'n baie vrot verlede het.

Dalk sit jy hier en jy weet nie of jy goed genoeg is vir die Here nie. Jy dink dat jou sonde te groot of jou verlede te duister is. Kan jy Hom tot enige nut te wees? Sal die Here jou ooit kan gebruik? Die Here gee nou vir jou die versekering dat Hy verby al hierdie dinge kyk en iemand sien wat na Sy beeld geskep is.

Die Here het gekom om mense soos ons te verlos. En Hy verlos ons nie net nie, Hy bevry ons sodat ons ons Goddelike potensiaal kan verwesentlik. Hy wil jou beslis gebruik. Al wat Hy vra is dat jy jou sondige verlede sal los en sal kies om Hom te volg.

Levi die tollenaar word ook Matteus genoem. Hy word die skrywer van die eerste evangelie. Levi was altyd 'n georganiseerde en sistematiese mens. Hy was goed met administrasie en het skrywerstalent gehad. As tollenaar het hy hierdie gawes verkeerd gebruik. Toe God sy lewe omdraai, het hy dit tot eer van God gebruik.

Dalk wonder jy nie of jy goed genoeg is vir God nie. Dalk sukkel jy om 'n sekere persoon te aanvaar, juis oor sy duister verlede. Dit is hartseer dat ons as kerk nogal goed is hiermee. Ons grawe graag ou koeie uit die sloot. Jesus vra van jou as gelowige om daardie persoon te aanvaar soos hy of sy is. Gee vir hom of haar 'n kans in die lewe, soos wat die Here bereid was om vir Levi en vir jou 'n kans te gee. Hy sal jou help om ander te aanvaar vir wat hulle is. Hulle is skepsels van God net soos ek en jy!

Die selgroepe gaan hierdie kwartaal fokus op gesinsvriende. Elke sel gaan uitgedaag word om iemand wat nie in 'n sel is nie, te gaan bevriend. Die probleem is dat ons net ons eie mense as vriende gaan kies. Jesus was 'n vriend van tollenaars en sondaars. Gaan ons dit ook word? Hy het veragtes en uitgestotenes gedien. Gaan ons dit ook doen?

Aan jou vriende word jy geken. Wys my jou vriende en ek sê vir jou wie jy is. As jy jou met semels meng, gaan die varke jou vreet. Ons ken hierdie spreekwoorde en daar is beslis waarheid hieraan.

Maar dit is nie altyd waar vir ons nie. As ons kinders van die Here is, moet daar ook tollenaars en sondaars onder ons vriende wees.

Amen